# Jesus genees 'n regeringsamptenaar se seuntjie
Johannes 4:43-54

**Graad 1-3's**

Vir die kleintjies is die storie belangrik. Probeer daarom om die hoofmomente van die storie te identifiseer en dit met hulle te deel. Hulle moet eintlik aan die einde self die storie in hulle eie woorde vir hulle ouers/maatjies kan oorvertel. Hulle moet eintlik kan huistoe gaan en vir mamma sê: "Het mamma geweet né, Jesus het…" en met opgewondenheid kan vertel wat gebeur het.

Vertel die storie in jou eie woorde of lees dit in 'n kindervriendelike vertaling. Jy kan die hoofmomente weer herhaal. Gebruik dan eenvoudige vrae om hulle te help om die storie te onthou bv:

- Waarheen het Jesus gegaan?
- Wie het hy daar ontmoet?
- Wat het die man vir Jesus gesê?
- Wat het Jesus toe gedoen?
- Wat het toe met die seuntjie gebeur?

Hier is die "Bybel@Kinders"-vertaling:

## 'n Familie word Jesus se vriende

**43-45** Na sy kuier is Jesus na Galilea toe. Hy het geweet dat mense baie keer nie hou van iemand wat voor hulle oë grootgeword het en nou iemand is wat God op 'n spesiale manier wil gebruik nie. Die mense in Galilea was egter baie bly om Jesus te sien. Hulle het alles geweet wat Hy in Jerusalem gedoen het, want hulle was ook daar saam met Hom.

**46-54** Jesus is toe na 'n dorpie daar naby. Dit was Kana, waar Hy die water wyn laat word het. Daar naby, in Kapernaum, was 'n baie belangrike man wat vir die koning gewerk het. Sy seun het baie siek geword. Toe Hy hoor dat Jesus in die omgewing is, het hy dadelik na Jesus toe gekom. Hy het Hom gevra om asseblief saam met hom huis toe te kom. Sy seun was besig om dood te gaan. Hy het gehoop Jesus kon sy seun help.

Jesus sê toe: "Julle glo net in My omdat julle die wonderlike dinge sien wat Ek doen."

Die man wou Jesus egter nie los nie: "Asseblief, kom gou, voordat my kind doodgaan," smeek hy.

"Jy kan maar huis toe gaan; jou seun lewe," sê Jesus toe. Die man het Jesus geglo en is huis toe.

Hy was nog nie eers by die huis nie, toe hoor hy al die goeie nuus: "Jou seun is gesond." Hy wou weet wanneer dit presies gebeur het. "Omtrent so sewe-uur gisteraand het hy begin gesond word," vertel sy werkers. Hy onthou toe dat Jesus presies op daardie oomblik vir hom gesê het dat sy seun gesond is. Hy, saam met al die mense in sy huis, het toe in Jesus geglo en vir altyd sy vriende geword.

Hierdie was die tweede maal dat Jesus so 'n wonderlike ding in Galilea gedoen het.

**Graad 4-6'e**

Dit is belangrik dat die kinders self die elemente van die storie ontdek en ook self hulle Bybels hanteer en die antwoorde in hulle Bybels opsoek. Jy kan die hele teks saam met hulle deurlees en dan vraag vir vraag laat hulle blaai na die teks by elke vraag. As dit 'n korter stukkie is kan een van die kinders selfs die versie voorlees vir die res van die groep en dan kan die groep saam gesels oor wat hulle hoor en 'n antwoord gee.

Hulle antwoorde mag maar eenvoudig wees. Die antwoorde in die riglyne is meer vir jou bedoel om vir hulle bietjie ekstra te verduidelik, so hulle hoef nie alles wat in die riglyne staan as hul antwoord neer te skryf nie. Dit is meer bedoel vir jou om hulle te kan help en in die regte rigting te kan stuur.

**Algemeen**

Daar sal Sondag tafels en stoele vir elke groep in die saal reg wees, met skryf/inkleur goed vir wanneer ons in die groepies verdeel. As jy dit graag wil gebruik. Dis dalk gemaklik om op te werk as om in die kerkbanke te sit.